# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

Maart 2009
Volume 2




**Die volgende *GrietGriet* verskyn in Julie 2009.**
*GrietGriet is also available in English – please let us know if you prefer to receive an English copy.*

## ONS EERSTE PRIMARIA DEEL HAAR HERINNERINGE

**Toe Magrietjie in 1982 gestig is, hoe is u verkies tot die 1^ste^ Primaria?**
Ek was in 1981 as 3^de^ jaar student die Primaria by Madelief en Dr André Breedt (toe hoof van die Studente Diensburo) het HK-lede van verskeie dameskoshuise genomineer om Magrietjie se eerste HK te vorm. Ek was lus vir `n nuwe uitdaging en wou ook nie in my 4^de^ jaar die oud-Prim in Madelief wees nie.

**Hoe is daar besluit op die kleure van Magrietjie? En wat was die kenmerkendste tradisies wat gevestig is?**
Omtrent al die moontlike kleure was reeds deur ander koshuise gebruik. Ons het toe besluit op sagte pienk en grys wat baie vroulik en stylvol was. Ons was so besig om te organiseer en reëls te implementeer, dat daar min tyd oor was om oor tradisies te dink. Ons groot uitdaging was om `n eie identiteit te skep met `n groep wat bestaan het uit dagstudente en ander koshuisstudente. Daar was wel dinge soos die "aanloopbaan" en spikkelgroete.

**Hoe is daar besluit dat eerstejaars "Spikkels" genoem moet word?**
Daar was 300 studente – meestal 1^ste^ jaars – en wanneer ons na hul in `n groep op `n afstand gekyk het, het die see van gesigte vir ons soos `n massa spikkels gelyk! Verder is `n spikkel mos maar iets klein en nietig – tot jy dit van nader leer ken en met tyd ontwikkel dit in iets groots!

**Wie is Zelda vandag?**
Ek is al 26 wonderlike jare met my Magrietjie-sleep getroud! Ons het ook 3 pragtige kinders - Corli 23, Tiaan 19 en George 13. Ek was eers `n wiskunde onderwyseres, maar leef tans my passie as bloemiste uit.



**Wat van Huis Magrietjie sal u altyd saam met u dra?**
Die absolute trots van die koshuis se geboorte en om alles vir die 1^ste^ keer te kon doen was ongelooflik! As ek vandag terugkyk besef ek so `n taak kon ons net aanpak met `n onwrikbare geloof van Bo, mekaar en die universiteit wat ons ongelooflik ondersteun het.



**Zelda Stone in 1982**

**Kyk hoe lyk Zelda Stone (nou de Kok) vandag**

## ONS 2009 PRIMARIA AAN DIE WOORD

Liefste oud-Magrietjie

Dit is vir my 'n voorreg om aan julle te skryf om julle te laat weet dat die Pienk-paleis nog baie sterk staan. Dit lyk of ons kaliber Spikkels elke jaar verbeter en ek dink dit wys duidelik in ons prestasies. Die jaar het definitief op 'n hoogtepunt afgeskop! Ons het ook baie sterk en betroubare Huiskomiteelede wat weet wat dit beteken om meer te doen as wat daar van hulle verwag word. Dis nie net vir ons belangrik om Magrietjie se standaarde hoog te hou nie, maar ook om hoër hoogtes te bereik; so wees gerus, Magrietjie is in goeie hande. Ons waardeer elke lid van ons Alumni-familie en sal julle baie graag meer wil betrek waar ons kan. Vir 'n begin gaan ons julle op hoogte hou van gebeure en ontwikkelinge in Magrietjie deur ons nuusbriewe. "Once a pink lady… always a pink lady"☺

Pienk liefde, Laila Ncwana



**Magrietjie HK 2009**



**Primaria 2009
Laila Ncwana**

## POT-EN-PONS 2008

Sedert ons laaste nuusbrief in 2008, het Magrietjie die jaar suksesvol afgesluit met Pot-en-Pons. Wit tralies, oranje oorpakke, 'tattoos', gevlegde hare, koerant-papier-tafeldoeke en 'bunny chows'… Die klanke van blik-koppies en blikborde het almal van Magrietjie en Olienhout (alias Magsoline) laat voel soos ware kriminele ten einde in te pas by die Pot-en-Pons tronktema vir 2008. Tronkdanse het die beoordelaars se hare laat rys en die skare het omtrent om hulle saamgedrom om die gees van die Magsoline tronklewe uit te beeld. Na 'n knertsie mampoer, 'n sappige 'bunny chow' lamspotjie en 'n kleurvolle afskrif van 'n tipiese tronkvoël-foto, het die beoordeelaars geen ander keuse gehad as om Magrietjie en Olienhout as die wenners van Pot-en-Pons 2008 te bekroon nie (ingesluit prysgeld ter waarde van R20 000 vir jool - jippiee!).




**$1^{ste}$ plek: Pot-en-Pons**

## SPIKKELS OORLEEF ORIËNTERINGSWEEK

Magrietjie het haar jaar afgeskop op die pragtige pienk blommetjie-geverfde blad (of is dit nou aanloopbaan), versier met 128 pragtige jong dames met paniek-bevange gesiggies. Van huppel en spikkelpoppe tot knikkel-en-skitter, het hulle alles met oorgawe gedoen. Op 'n universiteitsgoedgekeurde oriënteringsprogram het die Spikkels elkeen 'n plekkie in die pienk-paleis gevind. Hulle het entoesiasties saamgewerk en al die HK-groete verbasend vinnig geleer. Dit was ook lekker om te sien hoe die Spikkels dit geniet om saam met die manskoshuise te 'social' en dat al die manne (soos altyd) tou staan om Magrietjie se nuwe Spikkels te leer ken. So het 'n wonderlike, besige en produktiewe week geëindig… Maar dit is nie die einde nie (soos julle sal sien aan die Spikkels se prestasies), eintlik net die begin gewees van 'n wonderlike pienk-sprokie saam met die Spikkels van 2009 en ons Magrietjie-familie.



**Herken jy een van die 1985 Spikkels?**



## IENK-MELODIENK WENNERS

Ons eie kleine fyne pienk Spikkelpoppies… doen dit toe weer vir 'n $2^{de}$ jaar in 'n ry toe hulle aangekondig word as die Ienk-Melodienk dameswenners van 2009! Die Spikkels se optrede was fenomenaal en het bo al die ander dameskoshuise uitgestaan, hoofsaaklik as gevolg van hul aansteeklike energie. Om nie die uitstaande choreografie te vergeet nie - saamgestel deur Sumari Botha (HK Kultuur Ekstern). Alhoewel die Spikkels nog net een week in Magrietjie was, kon 'n mens duidelik sien die Spikkels is klaar verander in ware Magrietjies en het ons as trotse Magrietjie-gehoor met hoender-vleis gewens die poppies hou nooit op dans nie!



**$1^{ste}$ plek: Ienk-Melodienk 2009**

## DRASTOEL

In die vorige nuusbrief het Magrietjie gespog met haar 11-jaar-lange prestasie in drastoel. Hierdie jaar het Eliz-mari Prinsloo (Sport HK) met haar fyn beplanning en tegniek weereens die tradisie van 'n hoë Magrietjie drastoelstandaard volgehou. In 'n mededingende resies het ons 'n trotse $2^{de}$ plek behaal, kort op Erika se hakke. Maar weet verseker, volgende jaar vat ons ons wenplek terug.



**$2^{de}$ plek: Drastoel 2009**

## Het jy geweet?



Magrietjie se 1ste jool was saam met Landbou

### Oorsee?

**Ons doen 'n beroep op alle oud-Magrietjies wat tans oorsee woon, om vir ons 'n e-pos te stuur en bietjie meer van julself te vertel. En as julle baie verlang… hoop ons hierdie nuusbrief help om mooi herinneringe te laat herleef!**
**Stuur e-pos na: magrietjie@up.ac.za**

### Facebook

**Het jy al aangesluit by die Magrietjie Alumni-*facebook*-groep? Gaan na www.up.ac.za/magrietjie en klik op Alumni. Volg die instruksies hoe om by die *facebook*-groep aan te sluit.**

**Vertaling van die Sepedi woorde in die huislied:**
* Ons blom is ons trots
* Net soos ons pragtige naam

### In die volgende *GrietGriet*

- Waar kom Maer-Grietjie vandaan?
- Spesiale Joolprojekte
- Meer oor lenkatletiek

**Redaktrise:**
**Michelle Pretorius**

## OUD-MAGRIETJIES LAAT VAN HUL HOOR!

**Eileen Blignaut:** "Ek is sommer begeesterd om Donderdag pienk aan te trek werk toe! Ek is so trots op al Magrietjie se prestasies - dit laat my baie terugverlang want ek is nog altyd 'n Magrietjie - sedert my eerste jaar in 1987."
**Carina Myburgh:** "Baie dankie vir die nuusbrief, ek het nou hier gesit en my eie studentejare herleef. Dit is vir my wonderlik dat Magrietjie se tradisies nog staan, want dit is wat Magrietjie spesiaal maak en wat vir ewig onthou sal word."
**Rani Schutte:** "Die nuusbrief laat 'n mens sommer met met trane in die oë terugverlang!"

## JOOL MET OLIENHOUT

Jool-lekker-lekker-Jool-Ja-Ja!!! Magrietjie en Olienhout (Magsoline) het 'n onvergeetlike joolweek agter die rug. Dit was vir ons 'n eer en voorreg om met sulke agtermekaar, georganiseerde, vriendelike en sosiale manne te jool. Tot die oud-Magrietjies het kom help vlot bou en verskeie Spikkels het uit vrye wil klas gemis en gewerk tot 3 uur in die oggende waar hulle op die blommetjies aan die slaap geraak het… dit spreek vanself. Met 'n vlotoptog in gure reënweer het Magsoline se vlot soos 'n droom gelyk en net nog meer Magrietjie trots en patriotisme gekweek. Die grootste beloning was egter die spesiale saamkuiertyd waar lewenslange vriendskappe gesmee is.



**1984 Jool met Olienhout 2009**

## DIE HUISLIED WORD UITGEBREI

Met 'n huislied wat twee pragtige Afrikaanse verse en 'n koorgedeelte het, is daar besluit om 'n 3de vers by te voeg wat Engels sowel as Sepedi bevat. Ons deel graag die 3de vers met julle en voeg ook sommer die huislied se koorgedeelte by sodat julle saam kan neurie terwyl julle dit lees (hoop julle onthou nog die wysie).

Vers 3:
Each one of us different, but in one way the same
We share our pride in the pink flower with the pretty name
Ka palesa ena, re a e tlotla
Ka leina le le ntle la rona

Koorgedeelte:
Magrietjie kleure kleur die kampus in
Magrietjie sjarme sleur die wêreld mee
Ons leef 'n loslit lekkerte, ons gees 'n regte fees
En dis dan ons liedjie vir MAGRIETJIE!

## GROETE VAN DIE REDAKTRISE



Laat asseblief van julle hoor. Enige terugvoer, staaltjie of storie wat julle graag met ons wil deel oor julle dae in Magrietjie, word baie waardeer. Maak ook seker dat ons julle mees onlangse inligting het deur die alumni-vorm in te vul op ons webblad by www.up.ac.za/magrietjie (klik op Alumni). Mag elke dame met 'n pienk hart, 'n huppel in haar stap hê, 'n blom in haar hare, en gelukkige gedagtes en herinneringe kry van wonderlike dae in ons Huis…Magrietjie!

**Tot weersiens in *GrietGriet* Julie 2009…**